

Meer as oorwinnaars

- Groot dankbaarheid, Fransie Terblanche het toestemming gekry om die nuwe behandeling teen kanker te mag ondergaan nadat hulle na 'n hoër vlak op beweeg het by die mediese fonds. Kom ons bid almal dat die Here die behandeling sal gebruik om haar te genees.
- Marietjie Theron het 'n slegte val gehad en het versorging nodig, bid aub saam dat die Here dat haar toestand sal verbeter.
- Dink steeds aan Ina Erasmus wat eersdaags geopereer gaan word.
- Bid asb saam vir ons pleegouers, ons is dankbaar dat Martin weer na Covid herstel het, sy nier funksie het weer na normaal teruggekeer. Dink in besonder aan René met al die druk wat sy moet hanteer, hulle is tans met verlof, mag hulle rus vind en hulle weer nuwe energie vind.
- Ons vra voorbidding vir die volgende lede van Rusoord wat verswak is: Nellie Zaayman, Rina vd Weshuizen, Ernst Erasmus, Hena Venter, Elsa Fourie, Pieta Faber, Frances Minnie en Johan Pretorius.

Ons behoort aan God

Baie welkom aan die volgende persone waarvan bewys van lidmaatskap ontvang is:

Mavourneen van Schoor
At & Sophia Marais
Cassie Labuschagne
Tjaart Kruger

Die Aankondiger

3 Oktober 2021

Die skole is gesluit vanaf 1 tot 11 Oktober en daar sal dus nie die week enige bybelstudie wees nie.



Prediker: Ds Gideon Du Toit

Skriflesing: Kolossense 3:5 - 17

Tema: "Wees altyd dankbaar"

Liedere: Flam 113; lied 188: 1-3; 509:1,2,4; Flam 34

God se antwoord op bekommernis

2 Timoteus 1:7

Die Bybel sê: 'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing...' Om vrees te oorkom, moet ons eerstens verstaan dat vrees 'n 'gees' is en dat dit nie van God af kom nie. Elke keer wat jy dit besef, sal jy minder geneig wees om daartoe in te gee. Wat het God vir ons in die plek van vrees gegee? Drie dinge:

1) Krag. Ons praat nie hier van self-help tegnieke en stresbestuur nie. Dit gaan dieper as blote angsvermindering om jou lewe meer aangenaam te maak. Dis 'n vaste oortuiging wat na die kern van jou wese gaan, dat alle dinge waarvoor jy jou bekommer in die hande van 'n liefdevolle God is wat net die beste vir jou in gedagte het. Daarom sal alles goed gaan en kan jy sonder bekommernis lewe.

2) Liefde. Die Bybel sê: 'volwasse liefde dryf die vrees uit...' (1 Johannes 4:18 NLV). Eers wanneer jy besef dat God, wat nooit van opinie oor jou verander nie, jou onvoorwaardelik liefhet, sal jy leer om jouself lief te hê en te aanvaar en dan in staat wees om ander mense lief te hê en te aanvaar. Kan jy jou die effek indink wat dit op jou vrees vir mense, vrees vir verwerping en vrees vir kritiek sal hê? Hierdie tipe liefde is meer as 'n 'goed voel' emosie; dis 'n lewensveranderende krag.

RESEPTBOEK



Resepteboek

Eksemplare van ons Resepteboek om die kerk se 60 ste verjaarsdag te vier is beskikbaar. Koste is R100 per boek.

U kan u bestelling plaas by Susann 082 802 4883 of Marlene 083 306 9947

Baie geluk aan almal wat verjaar :

3 - 9 Oktober

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Heymans	Max	10/04	012 664 0730	0832442082
Van Den Berg	Danie	10/04	012 664 2032	0844113758
Weinmann	Christi	10/04	012 345 3680	0825482084
Marais	Charel	10/05	012 664 6960	0835554177
Lambrecht	Mari	10/06	012 664 3595	
Pretorius	Johan	10/06	012 654 9206	0731286523
Van Huyssteen	Marike	10/06		0725818694
Ebersöhn	Mariett	10/07	0827473614	

PRIDE SAFARIS SE WILDPARKTOER en Fanie Terblanche

nooi almal uit om saam te kom toer.

Dit begin in Pretoria, deur Lipopo na Phalaborwa.

Ons slap 3 nagte in die Krugerpark. Een nag by 'n gastehuis by Piet Retief en besoek ook die Hluhluwe wildpark.

St Lucia is volgende met 'n bootrit op St Lucia meer en die middag vry om te wandel en te ontspan.

Dan 'n bietjie oor die slagveld rondom Dundee en die laaste nag die mooie Golden Gate en Clarens.

Die totale duur van die toer is 10 dae en Covis Protokol sal gehandhaaf word.

Die prys van R15900.00 per persoon wat deel sluit alle vervoer, toegangsfooie, asook ontbyt en aandete in. Daar is voorsiening vir enkel akkommodasie ook.

Die toer begin op 18 Oktober tot 30 Oktober 2021. Vir meer besonderhede kontak Fanie ny 082 881 2690 of